# Eksegese in die praktyk*

APB BREYTENBACH

## INLEIDING

Die onderwerp van hierdie referaat kan verskillend geïnterpreteer en uit verskillende invalshoeke benader word. 'n Mens kan dit byvoorbeeld as 'n deskriptiewe studie aanpak waarin daar gekonsentreer word op die geskiedenis en/of huidige stand van die eksegese in ons kerk. Ek het my opdrag so verstaan dat ek meer preskriptief moet handel oor die eksegetiese proses in die praktiese situasie van die gemeente. Dit is natuurlik 'n baie moeilike onderwerp as 'n mens nie net teoreties wil wees nie. Terselfdertyd stem dit tot groot dankbaarheid dat die predikantevergadering aan hierdie saak aandag gee. Dit is 'n bewys daarvan dat die ontwikkelinge wat daar in die afgelope dekade op die gebied van die bibliologiese vakke in die Teologie was, ook deurgedring het na dié vlak van die kerklike lewe waarom dit eintlik gaan. Verder is dit 'n bewys daarvan dat die gesonde reformatoriese gees van *sola scriptura* nog lewend is en dat die belangrikheid van die korrekte verstaan van die Skrif met die oog op die ampspraktyk en veral met die oog op die prediking, besef word.

Ek is oortuig daarvan dat baie predikante van ons kerk wat dit roerend eens is met die feit dat die korrekte verstaan van die Skrif absoluut noodsaaklik is vir die prediking, tóg sal vra waarom selfstandige eksegese nou juis nodig is. Daar is tog verskeie kommentare op elke boek van die Bybel. Daarby het ons die belydenisskrifte waarin die korrekte verstaan van die Skrif reeds verwoord is. Wie binne die grense van die belydenis bly in sy prediking is veilig. Die belydenis bied tog ook 'n norm waaraan die korrektheid al dan nie van kommentare getoets kan word. Die werk is dus reeds gedoen deur deskundiges wat meer weet van dié dinge as onsself.

Hierteenoor wil ek graag die volgende stel:

- Die belydenisskrifte sê vir ons hoedat die kerk in 'n bepaalde tyd die Skrif verstaan en sy essensie verwoord het. Totdat die kerk

* Referaat gelewer tydens die Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, 1983

anders besluit dui die belydenis vir ons die breë riglyne vir *die verkondiging* aan. Die belydenisskrifte was egter nooit bedoel en mag nooit funksioneer as 'n soort papierpous wat die resultate van die eksegese bepaal of evalueer nie. Die eksegese het 'n kritiese funksie ten opsigte van die belydenis en nie andersom nie. Wie die belydenis as norm of model vir die eksegese wil gebruik kan in elk geval seker wees dat hy die rykdom van die Skrif wat geleë is in die fyner nuanserings, gaan miskyk.

- Sonder deeglike kennis van en praktiese ervaring in die eksegetiese proses kan ons nie iemand anders se eksegese evalueer nie. Die gevolg is dat kommentare eenvoudig onkrities gebruik word. Dat 'n behoorlike basis vir die selfstandige evaluering van kommentare by baie van ons ontbreek, word bewys deur die feit dat die Departemente van Ou- en Nuwe-Testamentiese Wetenskap gereeld versoeke ontvang om lyste met die name van "goeie" kommentare te verskaf. Elke kommentaar het sy swakhede in 'n mindere of meerdere mate. Vooronderstellings oor die taak en doel van eksegese, kanon- en skrifbeskouing ensovoorts, het onvermydelik 'n invloed op die eksegese en sy resultate. Om dit te kan raaksien en evalueer is deeglike kennis en selfstandige beoefening van eksegese noodsaaklik. Dit geld nie net by die voorbereiding van perikoopprediking nie, maar veral ook by die voorbereiding van temaprediking waar daar sterker gesteun word op die eksegese-resultate van ander.
- Die ampsetiek verplig ons ook om alles wat moontlik is te doen om in die prediking die Woord self aan die woord te stel. Op grond van die predikant se opleiding verwag die gemeente tereg dat hy nie maar net wat ander oor die Bybel gesê het, onkrities sal nasê nie, maar dat hy hulle sal voed met die onvervalste Woord. Selfstandige eksegese is dus noodsaaklik met die oog op sinvolle prediking en ampsvervulling.

## EKSEGESE IN DIE PRAKTYK

### Opmerkings vooraf

In die lig van die voorafgaande is daar 'n paar basiese vereistes waaraan 'n eksegesemodel wat vir die praktyk ontwerp is, moet voldoen.

Die subjektiewe, onkontroleerbare oordeel van die eksegeet moet

sover as moontlik uitgeskakel word. 'n Eksegeet kan hom nie losmaak van sy eie vooronderstellings en denkkategorieë nie. Hy kan dus nooit heeltemal objektief wees nie. Maar hy moet tog probeer om aan die hand van objektiewe kriteria sy eie verstaan te toets aan die teks self. (Met "teks" word in hierdie referaat nie 'n enkele vers bedoel nie, maar die hele eenheid of perikoop wat geëksegetiseer word.) Dit beteken dat die eksegesemodel só ontwerp moet wees dat beslissings oor betekenis so ver as moontlik gemaak moet word op grond van elemente ín die teks.

Die vraagstelling in die eksegetiese proses moet relevant wees. Waar dit in hierdie geval gaan oor die vraag wat die teks sê met die oog op die prediking sal 'n uitputtende ondersoek na die redaksiehistoriese aspek byvoorbeeld irrelevant wees. Daarmee wil ek nie te kenne gee dat so 'n ondersoek nie 'n plek het by 'n meer akademiese interesse in die teks nie. Dit beteken ook nie dat redaksionele arbeid *per se* irrelevant is by eksegese met die oog op die prediking nie.

Die metode van eksegese wat gevolg word moet in die praktyk haalbaar wees. Die tyd en bronne waaroor die predikant beskik en sy kompetensie is faktore wat 'n beslissende rol speel by die vraag of 'n eksegesetegniek kan slaag of nie. Die faktore hang natuurlik met mekaar saam: Hoe beter sy kompetensie, hoe minder bronne en tyd het hy nodig om die werk te doen en andersom. Kompetensie word verbeter namate die *kennis* van Hebreeus en Grieks, die eksegetiese proses, ensovoorts, asook die *vaardigheid* om sy kennis toe te pas en bronne te hanteer, verbeter.

## DIE EKSEGETIESE PROSES

Daar is al baie geskryf en gepraat oor eksegetiese metodes (vgl. Loader *HTS* 34/1 + 2:1 vv). Dit is duidelik dat daar nie net een enkele metode is wat kan aanspraak maak op alleengeldigheid nie. Ons moet eerder aan eksegese dink as 'n proses waarbinne daar vasiasiemoontlikhede is. Daar is egter ook in bepaalde gevalle 'n volgorde in die vraagstelling wat nie verander mag word nie. Hierop sal daar telkens gewys word in die uiteensetting wat volg.

Die eksegetiese proses met die oog op die prediking kan breedweg in drie fases verdeel word, naamlik –

die voorbereidende fase;
die vasstelling van die betekenis (d.w.s. die werklike eksegese);

die verwerking van die resultaat (d.w.s. die hermeneutiese aspek).

In hierdie referaat sal daar hoofsaaklik aan die eerste twee fases aandag gegee word. Verder is die model wat hier aangebied word, in die eerste plek ontwerp vir die eksegese van gedeeltes uit die Ou Testament.

## 1 Die voorbereidende fase

Voordat 'n mens werklik met die eksegese van 'n teks kan begin, is daar 'n paar sake waaroor duidelikheid verkry moet word. Dit gaan naamlik oor die voor-die-hand liggende vrae watter teks en watter soort teks geëksegetiseer moet word. Ons kan hierdie voorbereidende fase soos volg rubriseer:

### *1.1 Tekskeuse*

In die praktyk is daar verskillende faktore wat aanleiding kan gee tot die keuse van 'n gedeelte uit die Bybel met die oog op eksegese en prediking. 'n Predikant kan op 'n gedeelte besluit omdat 'n element daarin hom aanspreek wanneer hy dit in vertaling lees of besig is met studiewerk. Die aanleiding tot die keuse van 'n teks kan ook van "buite" kom deurdat hy byvoorbeeld versoek word om oor 'n gedeelte te preek of deurdat hy met 'n preek wil reageer op 'n bestaande verkeerde vertolking van 'n bepaalde Skrifgedeelte. Die saak word problematies wanneer daar vanaf 'n gegewe situasie (byvoorbeeld by geleentheid van geloofsbelydenis) na die teks beweeg moet word. Die predikant moet in so 'n geval òf reeds weet wat die teks wat hy kies, sê; òf hy moet hom wend tot tema-prediking. Daar is altyd 'n wesenlike gevaar dat die predikant in 'n gegewe situasie 'n teks op gesigwaarde kies en in die prediking die teks laat sê wat hy (die predikant) graag in die gegewe situasie aan die gemeente wil sê. Die predikant moet altyd hierop bedag wees.

### *1.2 Literêre identifisering en oriëntering*

In die Bybel tref ons 'n verskeidenheid literatuursoorte aan wat elkeen sy eie kenmerke het. Die literatuursoort bepaal in 'n hoë mate die vraagstelling in die eksegetiese proses. So byvoorbeeld sal die afgrensing van 'n perikoop by die eksegese van 'n psalm in die meeste gevalle 'n blote formaliteit wees terwyl dieselfde metodefaset

by 'n vertelling of 'n versameling profesieë 'n baie ingewikkelde saak kan wees. Ons moet dus noodwendig *vooraf* duidelikheid kry oor die vraag of ons te doen het met prosa of poësie, met 'n vertelling, wetgewing, 'n lied, wysheidspreuke of profesieë. Die posisie van die deel wat geëksegetiseer gaan word in die boek of groter literêre korpus waaruit dit kom, is ook belangrik.

Hiermee hang saam dat die eksegeet hom vanselfsprekend moet oriënteer ten opsigte van die literatuursoort en die bepaalde boek of korpus waaruit die gedeelte kom wat hy wil eksegetiseer. Hierdie oriëntering moet gerig wees op literêre en redaksionele aspekte wat kenmerkend is vir die literatuursoort en die spesifieke boek, soos byvoorbeeld breë strukturering, tipiese wendings en vermeende latere redaksionele ingryping en aktualisering. Verder moet die eksegeet homself oriënteer ten opsigte van die waarskynlike ontstaanstyd van die boek, die taalfase en moontlike teologiese temas en probleme.

Hierdie oriëntering moet bloot verkennend van aard wees en sal eintlik neerkom op 'n versameling van gegewens en moontlikhede. Die eksegeet moet daarop bedag wees om nie enige keuse te maak wat sy resultaat vooruitloop nie.

### *1.3 Afgrensing*

Die literatuurwetenskap het oortuigend aangetoon dat elke onderdeel in 'n literêre skepping binne sy literêre konteks verstaan moet word. Die implikasie hiervan vir die eksegese is duidelik: Daar kan eenvoudig nie van 'n enkele vers of selfs 'n paar verse uitgegaan word by die eksegese nie. Die ideaal is dat die hele boek waaruit 'n gedeelte kom, geëksegetiseer moet word. Dit is egter selde moontlik in die praktyk en daarom is verantwoordelike afgrensing van 'n kleiner literêre eenheid of perikoop noodsaaklik voordat daar met eksegese begin kan word.

Afgrensing is nie net belangrik met die oog op die verkryging van 'n hanteerbare eenheid nie. Afgrensing het ook 'n effek op die eksegetiese resultaat. 'n Maklike voorbeeld uit die Nuwe Testament illustreer dit goed:

> In die 1933-vertaling word 1 Kor 3:9 as die begin van 'n nuwe perikoop aangedui. "... ons is medewerkers van God" kan in so 'n geval tereg vertolk word as sou dit beteken dat alle Christene ("ons") aktief betrokke is of moet wees by God se

werk. In die 1979-vertaling word vs 9 tereg by die voorafgaande verse gegroepeer. "Ons" verwys dan nie na alle Christene nie, maar na Paulus en Apollos (vs 4 vv).

Aangesien afgrensing die eksegetiese resultaat kan beïnvloed, moet dit op formele gronde gedoen word. Die afgrensings in vertalings en kommentare is meestal inhoudelik bepaal en daarom kan dit nie as uitgangspunt dien nie. Die afgrensing in vertalings sal vanselfsprekend 'n rol speel by tekskeuse, maar die korrektheid van sulke afgrensings moet telkens getoets word.

By sy afgrensing van 'n perikoop moet die eksegeet hom laat lei deur die literatuursoort en die aanduidings wat 'n outeur self in sy teks gee van groter en kleiner eenhede. Naas die eiesoortigheid van elke teks wys die volgende formele elemente gewoonlik die grense van 'n eenheid of perikoop aan:

tipiese inleidings- en afsluitingsformules;
die afwesigheid van pronominale terugverwysings;
nuwe persone wat op die toneel gebring word;
nuwe situasie- en tydsaanduidings;
'n verandering in woordkategorie.

As daar enige onsekerheid bestaan oor die afgrensing van 'n perikoop, moet daar altyd met die groter eenheid gewerk word. In die verdere eksegetiese proses word die afgrensing gekontroleer en word die vraag of die afgegrensde eenheid een of twee perikope is, beantwoord.

'n Afgegrensde eenheid of perikoop moet nie as 'n selfstandige losstaande stuk literatuur hanteer word nie. Die breër konteks van die boek moet deurgaans in die oog gehou word.

### *1.4 Tekskritiek*

Die noodsaaklikheid van tekskritiek in 'n eksegetiese model wat ontwerp is met die oog op die prediking word dikwels bevraagteken. Die argument wat aangevoer word is dat tekskritiek 'n lang en moeisame akademiese oefening is en dat die resultaat selde of ooit enige invloed op die res van die eksegetiese proses het. Die kool is dus die sous nie werd nie.

Dit is gedeeltelik waar. Die probleem is egter dat kommentatore dikwels hulle eksegese bou op 'n gewysigde lesing van die teks. Om sulke kommentare te kan evalueer, is dit absoluut noodsaaklik dat die basiese beginsels en die tersaaklike vraagstelling van tekskritiek

aandag moet kry. Daarbenewens is dit belangrik om, sonder om onnodig tyd te bestee, vooraf vas te stel watter lesings tekskrities die beste is.

In die eerste plek moet daar 'n onderskeid getref word tussen tekskritiese en literêr-kritiese gegewens (dit word ook genoem die uitwendige en inwendige teksgetuienis). Literêr-kritiese gegewens is voorstelle deur bewerkers van die teks wat meen dat wysigings aangebring moet word op grond van gegewens in die teks self. Die voorgestelde wysigings kan inhoudelik, taalkundig of selfs struktureel gemotiveer wees. Vir literêr-kritiese voorstelle is daar gewoonlik geen steun in manuskripte of ou vertalings nie. Tekskritiese gegewens is lesings in manuskripte en ou vertalings wat verskil van die Masoretiese teks. In die tekskritiese apparaat kan tekskritiese en literêr-kritiese gegewens maklik onderskei word: Tekskritiese getuies word aangedui deur 'n simbool wat na 'n bepaalde manuskrip of vertaling verwys, terwyl dit by literêr-kritiese voorstelle ontbreek.

Omdat literêr-kritiese voorstelle tot wysiging alleen oorweeg kan word in die lig van die getuienis en betekenis van die héle perikoop wat ter sprake is, is dit duidelik dat die literêr-kritiese gegewens nie in die voorbereidende fase van die eksegese oorweeg kan word nie. Dit is verder duidelik dat alleen teksgetuies wat gewigtig genoeg is, oorweeg behoort te word. Die vraag na die gewig van teksgetuies is nie so eenvoudig nie, maar in die algemeen kan gestel word dat die *aard* (of dit byvoorbeeld 'n parafraserende of meer letterlike vertaling is), *ouderdom* en *teksfamilie* van teksgetuies hulle gewig bepaal. As die teksgetuies in 'n bepaalde geval byvoorbeeld almal tot die Septuagintafamilie behoort, kan dit slegs as een tekskritiese getuie beskou word. Daar moet dus minstens twee *onafhanklike* teksgetuies wees wat met mekaar ooreenstem teenoor die Masoretiese teks, voordat 'n verandering aan die teks oorweeg kan word. (Vir die doeleindes van tekskritiek met die oog op prediking kan die interafhanklikheid van teksgetuies maklik nagegaan word in boomdiagramme wat verskyn in boeke oor tekskritiek) (Kyk Deist 1978: 235.)) Indien die afwykende teksgetuies aan die een kant en die Masoretiese teks met die getuies wat hom steun aan die ander kant ongeveer gelyke gewig dra, moet die tekskritiese reëls dat korter en moeiliker lesings die waarskynlikste is, toegepas word. Die eksegeet moet elke beslissing wat hy neem kan motiveer deur byvoorbeeld te verklaar waarom hy 'n lesing as afwykend beskou.

Kommentare wat besondere aandag gee aan tekskritiek kan nut-

tige inligting verskaf deurdat dit ook teksgetuies aanhaal waarna daar nie verwys word in die tekskritiese apparaat van Hebreeuse Bybels nie. Die eksegeet moet egter die hantering van sulke tekskritiese gegewens uiters krities evalueer, aangesien kommentatore geneig is om teksgetuies te gebruik om hulle bepaalde (subjektiewe) verstaan van 'n teks te legitimeer. Die breë riglyne wat hierbo aangedui is kan die eksegeet help met sy evaluasie.

Tekskritiek sluit die voorbereidende fase in die eksegetiese proses af. Ná die voorafgaande metodefasette weet die eksegeet watter teks en watter soort teks hy moet eksegetiseer.

## 2 Die eksegetiese fase

In hierdie fase gaan dit oor die vasstelling van die betekenis van die teks. Wanneer ons handel oor die betekenis van 'n stuk literatuur, is daar 'n paar elementêre taalkundige beginsels wat in ag geneem moet word en wat kan dien as 'n teoretiese uitgangspunt by die eksegese:

- Woorde en woordkombinasies het nie betekenis nie, maar betekenismoontlikhede.
- Betekenis word bepaal deur die aktuele taalgebruik van 'n spreker of skrywer.
- By aktuele taalgebruik is die belangrikste betekeniskonstituerende elemente die volgende:
  - die verhouding tussen woorde, woordgroepe, sinne, ensovoorts (dit wil sê die literêre konteks op mikro- en makrovlak);
  - die leefwêreld waarin die taalgebruiker hom bevind (dit wil sê die *Umwelt*-konteks of kultuurhistoriese voorkennis wat veronderstel word);
  - die manier waarop die taalgebruiker sy taal inklee (dit wil sê die keuse van genre en stylelemente).

Hierdie betekeniskonstituerende elemente hou natuurlik verband met mekaar en kom inderdaad verweef voor in 'n teks. Dit is ook vanselfsprekend dat 'n ondersoek wat die vasstelling van die betekenis van 'n teks in die oog het, gerig moet wees op die betekeniskonstituerende elemente.

'n Probleem waaroor daar vooraf duidelikheid verkry moet word, is die vraag waarna daar gesoek word by die vasstelling van die

betekenis van 'n teks uit die Bybel: Gaan dit byvoorbeeld oor die teologiese konsepsie wat die outeur of outeurs oor verskillende sake gehad het? Gaan dit oor die manier waarop die hoorders dit ontvang en die effek wat dit op hulle gehad het? In die praktyk is daar talle voorbeelde waaruit blyk dat eksegete dikwels die betekenis soek in onnaspeurbare en uiters spekulatiewe sake soos wat die outeurs of hoorders gedink en gevoel het. Alhoewel dit 'n moeilike probleem is (kyk Kelsey 1975), sou ons kon sê dat ons by die vasstelling van die betekenis van 'n teks moet vra na die (waarskynlike) teologiese seggingskrag van 'n perikoop binne sy literêre en *Umwelt*-konteks. Die kanon is per slot van sake tydgebonde *literêre* produkte. Deur hierdie literatuur word ons aangespreek en hieruit leer ons God en onsself ken en nie uit wat mense kon gedink of gevoel het nie.

'n Ander moeilike probleem waaraan kortliks aandag gegee moet word, is die redaksionele gelaagdheid van tekste. Dit was veral die boeke van die Ou Testament wat soms 'n lang en ingewikkelde wordinggeskiedenis gehad het. So byvoorbeeld tree 'n profeet op en sy profesieë word voor of na sy optrede op skrif gestel. Uiteindelik word die profesieë wat by verskillende geleenthede ontstaan het, versamel. Later kom 'n redaktor, herrangskik die versameling en voorsien dit van 'n opskrif en moontlik ook van kommentaar. Oorleweraars van die teks voeg nog verduidelikende en aktualiserende opmerkings by. Dikwels vind daar in die groeiproses nie 'n integrasie van die dele plaas nie en is die nate tussen die redaksionele lae vandag nog herkenbaar. Die vraag is dan op watter stratum die eksegese moet afstuur? Gaan dit byvoorbeeld oor die oorspronklike optrede van die profeet (soos sommige beroemde kommentatore klaarblyklik meen) of gaan dit oor 'n latere stadium en indien wel oor watter een? Alhoewel dit 'n komplekse probleem is en 'n mens versigtig moet wees vir veralgemening, lyk dit vir my of die eksegese by redaksionele gelaagdheid moet afstuur op dié stratum wat as die jongste (dit wil sê laaste) selfstandige komposisie kan geld. Dit beteken dat latere aktualiserings en interpretasies wat in opskrifte, invoegings en naskrifte neerslag gevind het, nie kan geld as die literêre konteks vir die vasstelling van betekenis nie, veral waar sulke latere toevoegings klaarblyklik staan téénoor die groter selfstandige komposisie, soos byvoorbeeld die opskrif van Psalm 121 en die naskrifte in die boek Prediker.

Die eksegetiese fase kan soos volg gerubriseer word:

## 2.1 *'n Ondersoek na die taalkundige en kultuurhistoriese verwysingsraamwerk van die teks*

'n Moderne eksegeet het nie onmiddellike toegang tot die betekenis van die teks nie. In die eerste plek is wat ons sou kon noem sy taalkundige verwysingsraamwerk nie dieselfde as dié van die teks nie en in die tweede plek is die kultuurhistoriese verwysingsraamwerk nie dieselfde nie. Die implikasie hiervan is duidelik: Die eksegeet moet homself vertroud maak met die gebruiksmoontlikhede van woorde, woordkombinasies en grammatikale konstruksies in die teks. Verder moet hy ook probeer vertroud raad met sake, gebruike, ensovoorts waarna in die teks verwys word. Die mate waarin hy dit sal moet doen, hang natuurlik af van sy kompetensie: Hoe meer kennis hy in hierdie verband opdoen, hoe meer vertroud raak hy met die verwysingsraamwerk van die tekste in die Bybel en hoe minder hoef hy in hierdie faset van die eksegetiese proses te doen.

Die middele waardeur 'n moderne eksegeet toegang verkry tot die taalkundige en kultuurhistoriese verwysingsraamwerk van die teks is leksika, grammatikas en woordeboeke wat aandag gee aan die kultuurhistoriese aspekte van die milieu waarin die betrokke Bybelboek sy ontstaan gehad het. So 'n ondersoek moet nie daarop gerig wees om te probeer vasstel wat die betekenis van woorde, ensovoorts in die betrokke teks is nie, maar wat die gebruiks- en betekenis*moontlikhede* is. Dit is vanselfsprekend 'n baie wye veld, maar 'n mens leer gou om met behulp van die rubriekindelings in leksika, ensovoorts, die essensiële kennis uit te lig.

## 2.2 *Struktuurontleding*

Na die voorafgaande fase waarin dit wesenlik gaan oor 'n inventaris van betekenismoontlikhede, is die volgende logiese stap om op grond van formele elemente in die teks die onmiddellike raamwerk vas te stel waarbinne betekenis funksioneer. Die bepaling van hierdie raamwerk of oppervlaktestruktuur geskied gewoonlik in twee fases.

In die eerste plek word die boustene van die struktuur afgemerk en daarna word die verband tussen hierdie boustene aangedui.

Die vraag of die teks prosa of poësie is, het by die eksegese van Ou-Testamentiese tekste 'n beslissende invloed op hierdie faset van die eksegetiese proses:

- Die boustene by poësie is stiges of versreëls (vgl. Loader a.w.: 27). Om stiges af te merk is 'n stigometriese analise nodig. Dit kom daarop neer dat op grond van die betekenisvelde van woorde en woordkombinasies en op grond van metriese oorwegings 'n saamgroepering van woorde in sogenaamde hemistiges gedoen word. Die hemistiges word weer gekombineer om stiges (versreëls) van verskillende lengte te vorm.
- Die boustene by prosa is kola (vgl. Loader a.w.: 19–22 en Louw 1976:76vv). 'n Kolon bestaan uit 'n naamwoordstuk en 'n werkwoordstuk wat elkeen op verskillende maniere uitgebrei kan word.

Nadat die basiese elemente of boustene so afgemerk is, word die verband tussen die onderdele ondersoek en aangetoon (vgl. Loader a.w.:26). Hierdie ondersoek moet gerig wees op die formele elemente in die teks en nie op die inhoud nie. Dit gaan dus oor die voorkoms van voegwoorde en grammatikale verbinders, oor subjek- en objekwisseling, pronominale opname, ooreenkomste en wisseling in werkwoordvorme en woordkategorieë in die algemeen. Die verband tussen die elementêre boustene moet verkieslik skematies aangedui word sodat dit met een oogopslag duidelik is.

Daar kom altyd gevalle voor waar meer as een verbinding tussen kola of stiges moontlik is op grond van die formele kriteria. In sulke gevalle moet die eksegeet die implikasies wat die verskillende verbindingsmoontlikhede vir die inhoud het, oorweeg. Alhoewel 'n mens moet oppas vir struktuurdwang, kan 'n beslissing soms gemaak word op grond van struktuurpatrone in die res van die teks. Dit is egter gewoonlik die veiligste om die opsies oop te hou totdat 'n beslissing op grond van die totale konteks en betekenis geneem kan word.

### *2.3 Stilistiese ontleding*

Voordat die resultate van die voorafgaande twee fasette (2.2.1 en 2.2.2) byeengebring word in wat ons die semantiese invulling kan noem, moet die stilistiese aspek ook aandag kry. Die presiese plek van 'n stilistiese ontleding in die eksegetiese proses is nie krities nie. Dit moet net gedoen word voordat daar oorgegaan word na die inhoud of betekenis van die perikoop. In die geval van poësie is dit wenslik om die stilistiese ontleding net na die stigometriese analise te doen, aangesien die stilistiese aspek en dit wat ter sprake kom in die stigometriese analise meestal met mekaar saamhang.

In die stilistiese ontleding moet daar nie gevra word na die funksie van styl en stylelemente nie. Die werklike funksie daarvan het in 'n literêre eenheid per slot van rekening met betekenis te doen. Dit gaan primêr oor die voorkoms en *moontlike* funksies van styl en stylelemente in die teks. Ten opsigte van stylelemente is dit veral belangrik om dié waardeur klem gelê kan word, soos ongewone woordorde en herhalings, te merk. Verder is dit in poësie ook belangrik om *parallelismus membrorum* en stylfigure soos chaismes, metafore, ensovoorts aan te dui.

'n Moeiliker aspek van die stilistiese ontleding is die tipering en aanduiding van gebruiksmoontlikhede van die styl of stylsoorte wat in 'n teks voorkom. Stylsoort kan 'n belangrike betekeniskonstituerende element wees en kan ook 'n rigtingwyser wees vir die herkenning van stylfigure soos ironie en sarkasme. (So kan 'n profesie teen die kultiese leiers wat as 'n priesterlike *tora* gestileer is byvoorbeeld 'n sterk ironiese inslag hê). Die kenmerke en moontlike funksie van die verskillende stylsoorte kan vanselfsprekend nie in 'n referaat soos hierdie die nodige aandag kry nie. Dit is in elk geval hiermee ook so dat die kennis wat nodig is om stylsoorte in die Bybel te herken en hulle moontlike funksies te kan aandui, algaande opgedoen word. Sommige kommentare verskaf nuttige inligting in verband met die styl van 'n boek of stylsoorte in 'n boek.

### *2.4 Die semantiese invulling*

In hierdie deel van die ondersoek word gekonsentreer op die inhoud van die perikoop. Dit kom daarop neer dat die resultate van die voorafgaande fasette byeengebring word met die oog op die vasstelling van die inhoud.

Die resultaat van die struktuurontleding dien as 'n formele raamwerk waarbinne die betekenismoontlikhede van woorde, woordgroepe, ensovoorts vernou word. Waar daar op hierdie stadium miskien nog meer as een moontlikheid bestaan vir die verbinding van kleiner eenhede, word die moontlikhede getoets en word op grond van die konteks of geheel die minder waarskynlike moontlikheid uitgeskakel.

Die inhoud van die kleiner eenhede word afsonderlik nagevors, maar dit moet uiteindelik vanuit hulle verband en wisselwerking met mekaar, dus vanuit die geheel, verstaan word. Die vraag wáárop die klem in die perikoop lê en hóé die res van die inhoud dit onderbou (byvoorbeeld as motiverings) is 'n baie belangrike aspek.

Hierin en ook in die fyner nuanserings van die inhoud, kan die resultate van die stilistiese ontleding 'n belangrike rol speel. Die *funksie* van styl en stylelemente in die perikoop is dus ter sake.

Die eksegeet moet, in aansluiting by die vraag waarop die klem lê, ook vra na wat ons die doel van die perikoop sou kon noem: Is dit 'n mededeling, 'n vermaning, 'n bemoediging, 'n oproep, ensovoorts?

Uiteindelik moet die inhoud van die perikoop bondig saamgevat word. In hierdie samevatting moet die hoofsaak en onderbou asook die doel van die perikoop aangedui word.

### 2.5 *Breër perspektiewe*

'n Perikoop verkry ook sy betekenis vanuit sy breër literêre konteks (dit wil sê die boek waaruit die perikoop kom) en vanuit sy tydhistoriese agtergrond (dit wil sê die ontstaanstyd van die boek). Afhangende van die literatuursoort en boek kom daar dikwels ook redaksionele vrae aan die orde wat nie vanuit 'n enkele perikoop beantwoord kan word nie. In die literêre oriëntering is daar reeds by wyse van inventarisering aan hierdie sake aandag gegee. Dit is egter nodig om op hierdie stadium die inhoud van die perikoop in hierdie breër perspektief te plaas.

Die eksegeet moet dus vra na die *funksie* van die perikoop binne die breër konteks en inhoud van die boek. Dit is veral by vertelmateriaal absoluut noodsaaklik dat die inhoud en plek van die perikoop as deel van die "boodskap" van die boek of vertelling, aandag sal kry (vgl. 2.2.6). Dit kan nogal 'n moeilike oefening wees. Soos reeds aangedui, moet die eksegeet hom in hierdie geval grootliks verlaat op die eksegese en verstaan van kommentatore. Die resultate wat verkry is deur selfstandige eksegese kan egter wel in 'n hoë mate as kontrole oor die verstaan en invalshoek van kommentatore dien.

'n Verdere perspektief waaraan die eksegeet dan moet aandag gee is die tydhistoriese milieu van die perikoop en boek. Dit gaan hier veral oor teologiese tendense en oortuigings wat uitgesproke of by implikasie ter sprake is in die perikoop. So byvoorbeeld kan wat in die boek Prediker gesê word nie verstaan word los van die verabsolutering van die vergeldingsdogma in die na-eksiliese wysheid nie. In hierdie opsig is daar dikwels 'n gebrek aan toeganklike bronne wat op die tersaaklike kennis konsentreer. Dit het miskien tyd geword dat 'n bruikbare "dogmengeskiedenis", waarin die populêre

lewens- en wêreldbeskouing wat gegeld het in die tyd van die Ou en Nuwe Testament, die lig sien.

Afhangende van die literatuursoort en boek, moet die redaksionele aspek dan ook aandag kry. Soms kom daar by die tekskritiek, struktuurontleding en stilistiese ontleding van 'n perikoop reeds vrae na vore wat te doen het met vermeende redaksionele ingryping in die teks. Dit moet op hierdie stadium geverifieer en geëvalueer word teen die breër perspektief van die redaksionele gelaagdheid in die boek waaruit die perikoop kom. As die redaksionele arbeid van so 'n aard is dat ons van 'n nuwe selfstandige komposisie kan praat is dit baie belangrik om kennis te neem van die tendense wat blyk uit die redaktor-outeur se hantering en verwerking van tradisie- en bronnemateriaal. In baie gevalle lewer die redaktor-outeur eksplisiet of implisiet kommentaar op die tradisies wat in sy werk ter sprake is. Dit is hierdie kommentaar maar ook die hantering van bronne wat ons dikwels op die spoor bring van wat die boek of perikoop in sy historiese milieu gesê het.

### 2.6 *Verdere vrae by vertelmateriaal*

In die voorafgaande paragraaf (2.2.5) is daar reeds gesinspeel op die besondere probleme wat vertelmateriaal by die eksegese van 'n enkele perikoop kan oplewer. Bepaalde ontwikkelinge in die literatuurwetenskap die afgelope dekade bevestig die feit dat dit eintlik onmoontlik is om op 'n verantwoordelike wyse eksegese te doen van slegs 'n deel van 'n vertelling. Daarby kom nog dat daar ontwikkelings was met betrekking tot die ontleding van vertelmateriaal of narratiewe tekste soos dit ook genoem word, waarvan eenvoudig kennis geneem moet word by die eksegese van verteltekste uit die Bybel. Dit is naamlik dat daar in 'n vertelling waar karakters optree, waar daar tydsverloop is, ensovoorts, eenvoudig nie volstaan kan word met dit wat in die voorafgaande paragrawe as metode van eksegese aangedui is nie. Die rede is voor-die-hand-liggend: Die manier waarop 'n verteller die karakters in 'n vertelling laat "optree", die plekke wat in die vertelling 'n rol speel, ensovoorts, is van die heel belangrikste sake wat bydra tot dit wat 'n vertelling eintlik sê (dit wil sê die betekenis daarvan). In wat genoem word 'n vertellersperspektief-analise (kyk Van Aarde HTS 38/4: 58–82) word dan sistematies aandag gegee aan sake soos die rolle en funksies van karakters in 'n vertelling en die woordkategorieë wat vir en deur

karakters gebruik word, aan die verloop van gebeure in aansluiting by die aspekte van tyd en ruimte waarbinne die karakters beweeg en aan die rol van die verteller (wat nie gelykgestel moet word aan die outeur nie). In so 'n ondersoek word op wetenskaplike wyse aandag gegee aan dié dinge wat tot op hede nog grootliks lukraak volgens die aanvoeling van eksegese aandag gekry het. Alhoewel hierdie invalshoek in die literatuurwetenskap sterk afgestem is op die waardering en evaluering van litirêre skeppinge, hou dit beslis groot belofte in vir die vasstelling van die betekenis van verteltekste in die Bybel. Die probleem is egter net dat hierdie nuwer dimensie spesifiek op die terrein van die Bybelse eksegese nog nie só deurgetrap is dat dit as 'n pakket wat bruikbaar is in die kerklike praktyk, aangebied kan word nie.

### *2.7 Die teologiese seggingskrag van die perikoop*

Onder hierdie rubriek kan die finale resultaat wat bereik is nadat die inhoud van die teks in sy breër litirêre en historiese perspektief geplaas is, weer duidelik geformuleer word. Dit gaan hier nog nie oor die betekenis of implikasies van die teks vir 'n Christelike gemeente nie. Daar moet dus nie nou al oor die inhoud vanuit die geloof in Jesus Christus geteologiseer word nie. Tog moet die betekenis van die teks losgemaak word van sy historiese binding en in 'n sekere sin as 'n algemeen geldende waarheid geformuleer word.

Veronderstel dat ons by 'n eksegese van Psalm 91 die volgende vasstel: In 'n tyd toe daar redelik algemeen aanvaar is dat demone en ander "goddelike" magte die mens kan teister met allerhande plae en rampe, sê Psalm 91 dat diegene wat op JHWH vertrou, veilig is teen hierdie bose magte. Dit sou "veralgemeen" kon word tot: "Wie sy vertroue op die Here gestel het, hoef die magte van die duisternis nie te vrees nie".

Dit moet dan die basis wees vir die volgende fase in die eksegetiese proses, naamlik die verwerking van die resultaat met die oog op die prediking, en wel in so 'n mate dat hierdie geformuleerde waarheid die tema vir die preek behoort te wees. Daarby behoort die feit dat Psalm 91 'n sterk bemoedigende inslag het, ook rigtinggewend te wees wanneer die preekdoel uiteindelik geformuleer gaan word.

## ENKELE SLOTOPMERKINGS

### Die plek en nut van kommentare by die eksegese

Die ideaal is dat elke predikant by die voorbereiding van sy preke selfstandig eksegese sal doen. Hierin kan kommentare tot groot hulp wees. Die ondervinding het egter geleer dat seker elke beskikbare kommentaar een of ander mankement het. Daar bestaan nie volmaakte kommentare nie, daar is net wat beter en slegter is. Daarom moet kommentare altyd krities gebruik word. Die eksegeet moet nie die gegewens wat in 'n kommentaar in verband met 'n perikoop gegee word as dié eksegese van die perikoop beskou nie. Hy behoort dit as relevante *inligting* te hanteer. Kommentare moet dus nie op die voet gevolg word nie, maar as kennis- en inligtingbronne beskou word.

### Eksegese is uiteindelik geloofswerk

Ek het aan die begin gestel dat eksegese 'n proses is waarbinne daar 'n reeks variasiemoontlikhede is. Daar is nie 'n volmaakte onfeilbare metode van eksegese wat elke keer 'n perfekte resultaat lewer nie. Daar is net beter en swakker wyses van eksegese: Daar is metodes van eksegese wat verantwoord kan word en daar is wat nié verantwoord kan word nie.

Om eksegese te doen is in 'n sekere sin niks anders as om met die Woord in gesprek te tree nie. Dit moet 'n gesprek wees waarin die eksegeet vraend luister. Ons moet met alles tot ons beskikking en op 'n verantwoordelike wyse vra en luister. Ons vra en luister egter by wyse van spreke altyd met 'n menslike mond en met menslike ore. Daarom het ons die hulp van God se Gees nodig om reg te kan hoor. Daarom beteken om eksegese te doen óók om te bid.

Verwysings

DEIST, FE 1978. *Towards the text of the Old Testament*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
KELSEY, DH 1975. *The uses of Scripture in recent theology*. London: SCM.
LOADER, JA s a. Gedagtes oor gekontroleerde eksegese. *HTS* 34/1 en 2, 1–40.
LOUW, JP 1976. *Semantiek van Nuwe-Testamentiese Grieks*. Pretoria: Beta.
VAN AARDE, AG s a. Die vertellersperspektief-analise. 'n Literatuurteoretiese benadering in die eksegese van die evangelies. *HTS* 38/4, 58–82.